

Stappie

NUUSBRIEF VAN DIE ATLETE VIR CHRISTUS

BLOUVLEIWEG 56, WELLINGTON 7655

JAARGANG 18, NOMMER 1

MAART 2011

Ondersteuning gevra

“Ek is baie opgewonde oor 2011!” sê **Arnold Botha** (S10, A11), vanjaar se toerleier van *Atlete vir Christus*. “Ons as span wil ’n verskil gaan maak en in elke dorpie, gehuggie en tronk iets van Christen-wees agterlaat. Ek dink ons besef nie altyd die invloed wat ons op ander mense het nie.”

“2010 was ’n ongelooflike toer en daar is vir ons as leiers ’n goeie platform gelê waarop ons kan bou. Dit is ’n groot voorreg om *Atlete vir Christus* in 2011 as leier te verteenwoordig, met ’n ongelooflike leidster soos **Madelé du Plessis** (A09,10, 11) wat my steunpilaar is.

“Op die ou end gaan dit nie oor ons nie, maar die invloed wat ons op ander mense se lewe het. God het reeds vir ons as span ’n plan, ons moet alles in ons vermoë doen om dit uit te voer tot eer van sy Naam.

“Tydens ’n forum-aand einde verlede jaar is *Atlete* se voortbestaan bespreek. Ek het besef watter sterk tradisies oor die jare ontstaan het. Dit was ook iets besonders om die trots van *Atlete*-wees in elke oud-*Atleet* te sien. Ons sal alles in ons vermoë doen om die atletekamp positief te hou en so ook voort te bou op die *Atlete* kultuur. Ons kan nie sonder die oud-*Atlete* nie en ons vra julle ondersteuning in enige opsig en die belangrikste is julle gebede vir ons.

“Ons sien baie uit na die toer en al die mense met wie ons in aanraking gaan kom op en ná toer! aaaHoe!”

Dit bly in die familie

Vyf lede van vanjaar se toergroep is die tweede geslag *Atlete*. Hulle is **Jana** (P10,11) en **Marnu** (S11), die kinders van **Deon Meyer** (A77,78, 79); **Derick Lambrechts** (A80,81,T10) se dogter **Carike** (S11); **Giepie** (A84,85,86,T09) en **Elizma** (Le Roux, S84,85,86) **Kellerman** se seun **Johan** (S11); en **Kobus Swarts** (S78,79,A80) se seun **Stefaan** (S09, A11). Saam met die vanjaar se nuwelinge (as hulle die WRAAK oorleef) was daar oor die jare nou reeds 480 persone wat deel van *Atlete vir Christus* was, van wie ses reeds oorlede is.



Arnold Botha



Jana



Johan



Marnu



Stefaan



Carike

Driekamp-kampioen

Carlo Botha (A02,03) is 2010 se kampioen in die 20-29 jaar ouderdomsgroep in die BSG Energade Driekamp-reeks. Die finaal van die reeks is op 5 Desember 2010 by Big Bay in Bloubergstrand gehou. Die items waarin meegeding is, is 600 m swem, 20 km fietsry en 5 km hardloop. Alhoewel hierdie byeenkoms deur Nic Muhl gewen is en Carlo met 'n tyd van 59:20 tweede gekom het, was Carlo se vertoning in die kompetisie gedurende die jaar genoeg om hom as kampioen in hierdie ouderdomsgroep te kroon.



Swaartekrag

Gerhard Nel (A06) was een van die deelnemers aan die Hot Heels Africa IGSA Wêreldbeker-kampioenskapsreëse wat aan die einde van verlede jaar in die pragtige Kogelberg-Biosfeernatuurreservaat gehou is.

Mike Zietsman van Kaapstad het die kompetisie gewen. Ramon Konigshausen van Zurich, Switserland, was tweede en verlede jaar se wenner, Mischo Erban van Kanada, het derde gekom. Hierdie byeenkoms was die finaal van die Wêreldbekerreeks.

Die deelnemers aan die finaal het te doen gehad met 'n baan van 1,9 km op die veeleisende Buffelstal-toegangspad.



Uitvoerder van die Jaar

Mosstrich Beperk, die uitvoermaatskappy van volstruis- en wildsvleis, met dr **Francois de Wet** (A82) as die besturende direkteur, is verlede jaar deur die Kaapse Kamer van Koophandel in Kaapstad aangewys as Wes-Kaapse Uitvoerder van die Jaar. Die kompetisie is vir alle Wes-Kaapse uitvoerders van dienste of produkte.

Die Mosstrich Groep van Mosselbaai het 160 volstruisprodusente as aandeelhouders. Die groep se abattoir slag, versnit en verpak volstruis- en wildsvleis. Meer as 95% van die produkte word uitgevoer na Frankryk, Engeland, Switserland, Duitsland, België en Holland.

Beoordelaars het gekyk na verhoogde uitvoeromset, innoverende nuwe produkte en verpakings, werkskepping, sosiale- en omgewingsverantwoordelikheid en gehaltebestuur.

Mosstrich-abattoir se uitvoeromset van volstruis- en wildsvleis het in die vorige finansiële jaar met 88% gestyg. Sowat 60 nuwe werksgeleenthede is geskep deur waardetoevoeging op volstruis- en wildsvleis. Mosstrich het die afgelope jaar ook die eerste volstruis- en wildabattoir geword wat HACCP-akkreditasie (higiënestandaard) sowel as die internasionale BRC-akkreditasie (voedselveiligheid en gehaltestandaard) verwerf het op die hoogste vlak.



Hennie Bosman (links) en Francois de Wet is opgewonde oor die trofee wat hulle van Absa se Lisa Forshey ontvang.

Francois besturende direkteur van Mosstrich, sê hulle groep is een van die min landbou-besighede wat, behalwe vir hulle SEB-aandeelhouers, nog volledig in die hande van primêre produsente is.

“Die vraag na volstruisvleis was verbasend goed in die laaste nege maande, en hoewel vraag na Suid-Afrikaanse wildsvleis swak was tot hede, het die vraag die afgelope weke heelwat verbeter. Francois verwag egter ’n relatief stadige herstel in die vraag na luukse artikels in volstruisleer wat hulle ook verwerk en voorsien ’n strawwe 12 maande vir volstruisleerverkope.

Oud-Athlete rock!

Vir die afgelope vier jaar maak twee oud-sanggroeplede musiek in *Baarmoedergevoel*, 'n Afrikaanse rock-groep. **Jaco van Niekerk** (S05,06,07,08, 'n Klub 50-man) is een van die kitaarspelers en **Dawid van Vuuren** (S07) is die groep se sanger.

“Die naam van die groep het al 'n paar fronse uitgelok, maar daar is eintlik 'n baie mooi betekenis daaragter,” sê Jaco. “Die idee van baarmoedergevoel kom van die gevoel van veiligheid wat 'n baba in die baarmoeder het. Dawid het dit aanvanklik beskryf as die gevoel van onderwater wees en die rustigheid wat 'n mens daar kan ervaar. Die groep vind hierdie veilige ontsnapping in musiek, 'n toevlug wanneer dinge nie altyd reg gaan nie. Dit is ook die idee wat hulle in hulle musiek probeer oordra.

Baarmoedergevoel het reeds saam met van die groot name in die musiekbedryf opgetree, onder meer Koos Kombuis, Valiant Swart, Arno Carstens en Die Heuwels Fantasties om 'n paar te noem. Hulle het ook by talle feeste (soos die KKNK en RAKA) opgetree, op 'n paar radiostasies (onder meer RSG) gaan draai en saamgetoer op die vierde MK Avontoer. Hulle eerste CD, *Net nog een keer*, verkoop goed en hulle is besig met 'n opvolgalbum. Hulle spog ook met twee musiekvideo's wat verlede jaar goeie speeltyd op MK geniet het.

Gaan kyk gerus na hulle op Facebook waar jy na hulle songs kan luister. Jy kan op YouTube na hulle musiekvideo's kyk.

Een van die groep se publisiteitsfoto's is regs.

Vanjaar se toerroete

<i>Datum</i>	<i>Vertrektdorp</i>	<i>Brassiedorp</i>	<i>Optrede</i>
Do 24 Jun	Voortoeroptrede		Stellenbosch
25-27 Jun	Voortoerkamp		Pietermaritzburg
Ma 27 Jun	Pietermaritzburg		Greytown
Di 28 Jun	Greytown	Weenen	Ladysmith
Wo 29 Jun	Ladysmith	Bergville	Harrismith
Do 30 Jun	Harrismith	Clarens	Bethlehem
Vr 1 Jul	Bethlehem	Ficksburg	Clocolan
Sa 2 Jul	Clocolan	Brandfort	Bloemfontein
Ma 4 Jul	Bloemfontein	Dewetsdorp	Wepener
Di 5 Jul	Wepener	Smithfield	Bethulie
Wo 6 Jul	Bethulie	Venterstad	Burgersdorp
Do 7 Jul	Burgersdorp		Molteno
Vr 8 Jul	Molteno	Sterkstroom	Queenstown
Sa 9 Jul	Queenstown	Tarkastad	Cradock
Ma 11 Jul	Cradock	Pearston	Jansenville
Di 12 Jul	Jansenville	Klipplaat	Willowmore
Wo 13 Jul	Willowmore	Uniondale	George
Do 14 Jul	George		Vleesbaai

Die totale afstand van die toer word op 1 987 km geraam. Dit beteken omtrent sowat 13,2 km per atleet per dag en 33 optredes vir die sanggroep. In hierdie stadium is daar nog onsekerheid rondom Bethulie.



Die lede van Baarmoedergevoel is van links: **Dawid van Vuuren**, **Jakoos Scheepers**, **Geran Steyn**, **Paul Lee Lötter** en **Jaco van Niekerk**

Regte adres?

Jy het hierdie uitgawe van Stappie ontvang by die adres wat ons tans op rekord het. As jy wil hê dat ons liever 'n ander e-posadres gebruik, moet jy ons asseblief laat weet by diebolle@patat.co.za

Kiekieman

Willie Punt (A98) – of *Wil Punt* soos hy deesdae bekend is omdat die Engelse in Engeland en Skotland waar hy 'n ruk lank onderwys gegee het, ander konnotasies aan die term Willy gee – is in die wolke oor verskeie toekennings wat hy vir sy fotografie ontvang. Hy is deesdae voltyds fotograaf en eienaar van Peartree Photography.



peartree


Wil is verlede jaar vir die tweede keer deur die SWP ('n Vereniging vir Huweliks- en Portretfotografie) met die eerste prys bekroon vir sy foto van Doons en Esté by Hermanus. Hy sê dat hy in die wolke oor die toekennings was.

Dit is egter nie die eerste keer dat Wil 'n toekennings vir sy foto's kry nie. Elke gerespekteerde fotograaf droom daarvan dat *National Geographic* van sy/haar foto's plaas. Nie net het van sy foto's reeds in *National Geographic* en *National Geographic Travel* verskyn nie, maar in 2008 was hy een van die 17 fotografe wat eervolle vermelding gekry het in die National Geographic Interkontinentale fotokompetisie.

Verlede jaar het hy ook die eerste prys verower as fotograaf in SAIA en VISI se Gebou van die Jaar-kompetisie. Die publiek moes op grond van foto's vir die gebou van hulle keuse stem.

Wil het ook al in 2004 'n fotoutstalling in Denemarke gehou.

Wil het 'n passie vir mense en wil graag daardie spesiale oomblikke met sy unieke foto's vasvang.



peartree

Wil se wenfoto in die kompetisie vir huweliks-fotografie. In die foto bo is Wil saam met sy vrou Adri en seun Elih

Daar om iets te beteken

Gereelde lesers van *Die Burger* het waarskynlik (veral oor naweke) onderaan bladsy 1 die advertensie van eksklusiewe leermeubels van *Incanda* opgemerk.

Nadat **Gerhard van Deventer** (A98), die eienaar van *Incanda*, sy studies voltooi het, het hy met sy eie groothandelsaak in leer en velle begin – hy is immers 'n plaasseun van Swellendam.



Henda en Gerhard saam met Karli en Gerrie

Heelwat van sy klante het in daardie tyd versoeke gehad vir gestoffeerde leerprodukte. Sy kreatiewe kant het die oorhand gekry. Toe begin hy met sy eie eksklusiewe gestoffeerde leerbesigheid. Hy het een van sy varsitypelle, Hendri Visser, as produksiebestuurder aangestel en in Desember 2003 in 'n dubbelmotorhuis met produksie begin. Hulle was dadelik suksesvol en van die 10 leerbanke wat hulle gemiddeld per maand in die eerste jaar gemaak het, het hulle gegroei tot ongeveer 100 per maand.

Hulle het verlede jaar ook begin om familiegunsteling en leer-erfstukke te restoureer. Hulle het tans 35 mense in diens.

Gerhard, wat met **Henda** (Strydom) (P97,99) getroud is, glo dat almal 'n maatskaplike verpligting het. Hy is reeds etlike jare die beskermheer van die Them-binkosi-Dagsorgsentrum. Patricia Vuka, die skoolhoof, moes in hierdie informele nedersetting by die Paarl heelwat struikelblokke en terugslae oorkom. Die gebrek aan bronne om 'n veilige plek van versorging in 'n omgewing wat bevorderlik is vir groei en ontwikkeling vir die voorskoolse kinders is, te vestig, het haar taak bemoeilik. Dit is toe dat Gerhard besluit het om in te spring en die skool te help.

Jy kan gerus Peartree en Incanda en se webtuistes besoek. Incanda behartig ook Thembinkosi se nuusbrieff met wonderlike getuienisse.

Reik na 'n droom

'n Mens kan skaars glo dis al 13 jaar gelede dat **Sam Pretorius (A06)** in televisiekykers se harte gekruip het toe sy klasmaats al hulle hare afgeskeer het om hom in sy kankerstryd te ondersteun.



Dié aangrypende advertensie waarin die 11-jarige Sam se maats hom kaalkop by die skool terugverwelkom het, is nou aangepas om 'n boodskap van hoop ter viering van die organisasie *Reik na 'n Droom* se 21ste bestaansjaar te vier.

Sam (nou 24) is deesdae blakend gesond en gee onderwys in Engeland nadat hy 'n ruk in Johannesburg en Caledon skoolgehou het.

In die destydse advertensie is hy die eerste dag terug by die skool nadat hy chemoterapie vir leukemie ontvang het. Hy stap senuweeagtig na die klaskamer toe, net om daar verwelkom te word met 'n banier en sy graad 5-skoolmaats wat hulle beanies afhaal en wys dat hulle hulle hare in solidariteit met hom afgeskeer het.

In die nuwe advertensie wat verlede jaar in teaters en op DStv vertoon is, sien 'n mens die 11-jarige Sam weer na sy klaskamer stap, maar dan skielik is hy die volwasse Sam wat deur dieselfde skoolmaats van destyds wat nou ook volwasse is, verwelkom word.

Me Sian Gutstadt, *Reik na 'n Droom* se nasionale bemarkingskoördineerder, het gesê die doel met die nuwe advertensie is om die hart van die stigting se werk uit te beeld: om kinders van 3 tot 18 jaar met lewensbedreigende siektes hoop te gee deur te help om hulle drome te bewaarheid.

Sam kon byvoorbeeld destyds danksy *Reik na 'n Droom* sy droom verwesenlik en in 1997 na Disneyworld in die VSA gaan.

“Dit was ongelooflik,” sê hy. “Op die end was dit nie Disneyworld self wat vir my belangrik was nie, maar dat ek 'n droom gehad het en dat daardie droom werklikheid kon word. Die vervulling van enige droom, maak nie saak hoe klein nie, bring 'n bietjie lig in die donker tunnel waardeur kinders met lewensbedreigende siektes moet gaan om gesond te word.”



Sam in die eerste advertensie



Sam se klasmaats verwelkom hom terug

“Ek is ontsettend dankbaar dat die stigting daardie lig in my tunnel laat skyn het toe ek vasgekleuister aan my bed en gekoppel aan 'n drup nie fisiek in staat was om my aandag af te lei soos wat ander gesonde kinders kan doen deur hulle aktief uit te leef nie.”

Sam se behandeling is in 1999 voltooi. Hy het in 2003 gematrikuleer en in 2007 op die Bos graad gevang. Oor sy werk as onderwyser sê hy: “As 'n jong kind wat die stryd teen 'n lewensbedreigende siekte moes hanteer, het ek besef watter impak sekere mense en gebeure op 'n mens se lewe kan hê. Die feit dat ek as onderwyser in staat is om 'n positiewe invloed op jongmense se lewe kan hê, het my geïnspireer om dit my beroep en roeping te maak.”

Reik na 'n Droom het al sowat 9 000 kinders se drome vervul en raak 30 000 siek kinders se lewe per jaar aan.

Sam het ook *Reik na 'n droom* se Ster-toekenning ontvang. Hierdie prestige-toekenning word gemaak aan individue wat die organisasie as hulle Droomskeppers beskou en hulle in staat ste; om hulle ideale te verwesenlik.

Koekies

Lene (Doman) Ellis (S88) het as klein dogtertjie altyd gedroom dat sy die mooiste koeke bak – net soos dié wat haar ouma altyd gemaak het. Nadat sy eers heelwat



van haar vrye tyd aan haar sangloopbaan gewy het, het die verantwoordelikhede van 'n gesin ander aksente na vo-re gebring.

Toe haar tweeling, Willem en Christiaan, twee jaar oud word, het sy aan hulle eerste egte partytjie begin werk. En natuurlik moes daar verjaardagkoek wees. Sy wou

hê die partytjie moes oulik en spesiaal en uniek wees (en watter ma wil dit nie hê nie). Van die ander ouers wat die partytjie bygewoon het, was baie opgewonde oor eetgoed. En hulle het begin bestellings plaas. En dit is toe dat die koekbakgogga haar behoorlik gebyt het. En daar in 2005 is *Fantabulous Cakes* gebore.

Sy het daarna drie jaar lank 'n kusus in koekversiering en suikerkuns gevolg. Sedertien is haar unieke 3D koeke en kolwyntjies haar passie.

Haar maatskappy bied sedertdien gereeld kinderpartytjies aan.



'n Troukoek wat Lene gemaak het.
Die ruiker bo-op is van suiker

Afrika-betowering

Johan Bothma (A75), een van die drawwers van die eerste Atletegroep, is tans die hoofbestuurder van Agri Wes-Kaap.

Hy vertel dat hy ná sy jare op die Bos in 1977 in Pretoria begin werk het. In 1983 het hy na die Paarl toe geskuif en is ook daardie jaar met Christa le Roux ('n oud-Suidwester wat hy in Pretoria ontmoet het) getroud. Johan werk steeds by dieselfde plek. Sy vrou is in die onderwys by Laerskool La Rochelle in die Paarl betrokke.

Johan se oudste dogter, Madeleen, is 'n skoonheids-terapeut op Stellenbosch by Lanserac en die jongste, Susan, is vanjaar tweedejaar siviele ingenieurswese by Maties. Johan vertel: "Ons is steeds buitelig mense wat gereeld toer, kamp en die natuur geniet. Afrika bly 'n betowering!"



Johan het in Pretoria aan landloop en marathons deelgeneem en provinsiale kleure verwerf. Terug in die Paarl het hy K1-kano begin ry en 'n klompie Bergrivier marathons voltooi. Daarna het hy begin met MTB en padfiets en geniet die afgelope amper tien jaar elke oomblik daarvan. Dit sluit in die Epic in

2007, Argus berg- en padfiets en die kersie op die koek is die Namibiese "Desert Dash" met my MTB (340 Km van Windhoek na Swakop 24 uur uithou) wat hy twee keer as solo deelnemer voltooi het.

Hy vertel dat dit besonder goed met hulle as familie gaan en is baie geseën met gesondheid en in wat ons aanpak en beleef. Aan Hom al die eer.

Vanjaar se span

Vanjaar se span is reeds deur die keuring en saamgetsel, alhoewel die Kenmekaarkamp nog nie plaasgevind het nie. Dit sal waarskynlik in die eerste week van die universiteitsvakansie gebeur. Daar is 11 nuwelinge in die span wat iewers in die agterkop die WRAAK in gedagte kan hou. Nie een van die spanlede kwalifiseer vanjaar vir lidmaatskap van een van die eksklusiewe klubs soos Klub 50 nie.

Nuwe patoëen ontdek

Pete Laver (A01), doktorale student aan die Universiteit van Virginia in die VSA se Departement Visserij- en Wildlewewetenskappe doen tans sy uitgebreide navorsing op Kasane in Botswana op streepmuishonde saam met medeprofessor Kathleen Alexander, aan daardie universiteit. Hulle het onlangs 'n nuwe tuberkulose spesie in die mikobakteriese tuberkulosekompleks, 'n groep patogene wat aangepas het deur soogdiere as gashere te gebruik.



Tuberkulose is tans die grootste oorsaak van sterftes vanweë aansteeklikheid en dit raak 'n derde van die wêreld se bevolking.

Streepmuishonde kom wydverspreid in Sentraal en Oos-Afrika voor. Hierdie muishonde in Noord-Botswana wat baie kontak met mense het, het op strepe gevrek aan 'n misterieuse toringagtige siekte.

Meer besonderhede is in 'n wetenskaplike artikel beskikbaar: Kathleen A Alexander, Pete N Laver, Anita L Michel, Mark Williams, Paul D Van Helden, Robin M Warren en Nicolaas C Gey Van Pittius. Novel Mycobacterium tuberculosis Complex Pathogen, M mungi. Emerging Infectious Diseases, 2010; 16 (8): DOI: [10.3201/eid1608.100314](https://doi.org/10.3201/eid1608.100314)



Morfien in die bloed

Hanri Joubert (S04) sê dit voel amper asof hy kom kuier as hy 'n briefie skryf wat in RSA 'n draai gaan maak. Hy en sy vrou **Elizabeth** (Punt, S04) is nou maar kort uit die land. Hulle het middel-Februarie na Suid Korea vertrek om daar vir twee jaar Engels te gee. "Ironies," sê hy, "siende dat my iengliesh ies spoken verie delisiously."

Hy vertel: "Ons gaan waar ons gestuur word en dit was 'n besondere reis tot hier. Ek kan hierdie hele **Stappie** volskryf van hoe die Here ons tot hier gebring het – en Hy het dit soos 'n regte gentleman gedoen. Ons het omtrent nie eers van Hom geweet nie! Eers hier waar ons ander mense se rillerstories gehoor het van hoe hulle gesukkel het om hier te kom, het dit werklik duidelik geword hoe die Here ons hierheen gestuur het. Alles het tot dusver verbygegaan asof dit in 'n droom gebeur het: aansoeke, keuring, onderhoude, besprekings ens. Selfs toe hulle morfien in Elizabeth se bloed gekry het ... van 'n gewone Myprodol (onthou dit as julle ooit oorsee gaan waar julle bloed getoets kan word). Ons is op 'n bus gelaai Seoul toe waar ons vir verdere toetsuitslae sou wag wat tot agt dae kan neem. Ons het nog nie eers Seoul gehaal nie, toe draai die bus om en neem ons na ons woonstel toe omdat die toetse wat agt dae moes vat, binne twaalf uur afgehandel is.



"Die Here is so goed vir ons! Ek dink almal van julle weet waarvan ek praat as ek sê dat 'n mens van tyd tot tyd wonder of die rigting waarin jy beweeg, die koers is waarop die Here jou wil hê. Ek het erg daarmee gesukkel, veral omdat ek 'n proponent is wat gereed is om in 'n gemeente in te gaan. Is dit nie waar die Here my eerder wil hê nie? In retrospek het die Here vir my al weer 'n les kom leer. Dis asof Hy voor my kom staan en vir my sê: Hanri, jy moet jou nie bekommer oor waar jy heengaan nie. Ek is in beheer en jy sal altyd in my hand wees!

"Wel, nou is ek hier en ek is opgewonde om te sien hoe die Here verder vir ons gaan sorg! Groete uit 'n ysige Korea."

Stappie

As jy in die volgende dae 'n oud-Afleeër teëkom wat nie 'n **Stappie** gekry het nie, is dit waarskynlik omdat ons 'n foutiewe eposadres het. Dit sal baie gaaf wees as jy die regte/verkieëlike adres bekom en vir ons aanstuur.

Slakpos: Blouvlieweg 56, Wellington 7655

Landlyn: 021 873 2768. *Selfoon:* 079 524 4541

Epos: diebolle@patat.co.za

Die volgende **Stappie** verskyn aan die begin van Junie net voor vanjaar se toer begin. Laat gerus van jou hoor en stuur sommer 'n foto saam. Dit sal lekker wees om van jou te hoor.

Lausanne-Kongres

Ds **Marius Lourens** (S80) is verlede uitgenooi om van sy kuns by die derde internasionale Lausanne-kongres oor wêreldewangelisasie in Kaapstad uit te stal. “Vir my is kuns ’n manier van leef, ’n meditasie rondom realiteit en dit wat bestaansreg definieer,” het Marius die kombinasie van sy beroepskeuse verduidelik.



Hy het eers kuns gestudeer voordat hy sy teologiestudies in Stellenbosch voltooi het. Sy werke is in verskeie private versamelings, plaaslik en internasionaal opgeneem. Daar is reeds agt openbare versamelings wat gehuisves word by die Kaapse Technikon, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth, ABSA, Rand-Aksepbank, Telkom,

Universiteit van of Johannesburg-versameling, die Cuyler-versameling in Uitenhage, Total SA en verskeie korporatiewe en private versamelings. In 2007 het hy reeds sy vyftigste solo-uitstalling gevier.

Hy het voor die uitstalling in Kaapstad, ’n interessante uitstalling, *Some day, some how, some place, some people* in die Ron Belling-gallery in Port Elizabeth gehad. Dit was is ’n sosiale landskap wat die mens in sy daagikse lewe en soeke na homself uitbeeld. Marius hou daarvan om ’n uitdaging aan die besoeker te stel en om homself te ontdek deur die interpretasie van sy werk. ’n Spieël langs een van sy werke, *Missing Link*, laat die besoeker toe om homself te ondersoek.

’n Interessante byvoeging tot die ondersoekende uitstalling is *Die Konsert*. Die installasie bestaan uit portrette van 50 gekose kunstenaars wat musiek, toneel of visuele kunste beoefen. Hulle tree op as die gehoor en besoekers is welkom om ’n uitvoering voor hulle te lewer, van liedjie sing tot op een been staan! (*Vervolg in die kolom langs aan*)

Dankie!

Dankie aan almal wat help soek het en inligting deurgegee het oor “vermiste” Atlete. In die proses het ons 22 persone by ons versendingslys gevoeg aan wie die **Stappie** dadelik gestuur is. Maar is nog steeds 123 name uitstaande! Die volledige lys sal weer later gegee word.



Detail van Missing Link (2010)

Statue of Liberty is ’n borsbeeld waarop besoekers fisies hulle kommentaar kan lewer. Dit word met elke nuwe uitstalling ligweg oorgeverf en sodoende word die besoeker ook die kunstenaar, verewig in lae van sosiale kommentaar.

“Kuns is ’n manier van lewe ... en vir my gebeur dit maklik. Skilder is daarom ook ’n geestelike roeping. Kunstenaars is as ’t ware met ’n antenna toegerus wat die tekens van tyd opvang en wat hulle dan in hulle werk weergee. Die werk van die kunstenaar kan nie deur krag, toewyding of intelligensie tot stand kom nie, maar deur ’n geestelike impuls wat die hand lei – of nie lei nie.”

Atlete vir Christus Bankbesonderhede:

Atlete vir Christus

Rekening: 410 150 751

ABSA (Stellenbosch)

Takkode: 334 410

Faks (021) 883 2513

Baie dankie vir jou bydrae. Ons waardeer dit en glo dat dit werklik ’n verskil sal maak.

Net merino's

“Dit was so heerlik om van almal te hoor – die grootste lekkerte was die **Stappies**. Ek het heerlik gelee en al die nuus soos ’n spons ingeneem,” skryf **Tina** (Strauss) **Brynard** (S75). “’n Mens se gedagtes loop ver paaie as jy so nuus kry van al die bekendes. Name soos Herman Wolff, Fanie Richter, Ronelle van der Walt, Wilhelm van Deventer, Kobus Laubscher. Ja, aan die name sal jy sien ek was in die eerste span, 1975. Dit is ook verrassend om te lees van mense wat jy deesdae ken, en glad nie geweet het dat hulle ook iewers deel van die Atlete-familie was nie. Hier dink ek aan mense soos **Gous Wilson** (A83,84) van Williston – ons eie omgewing, maar nie bewus van sy konneksies nie. Dan is daar natuurlik **Herlo Visagie** (S09,A10) leier van verlede jaar en dan ook **Beau de Klerk** (S01). Vir Beau het ek toevallig raakgeloop (of is dit “raakgery”) op pad Kaap toe. My oudste dogter en Beau se suster was groot klasmaats op Calvinia gedurende hulle skooldae.

“Ek is aan die einde 1978 met Ben Brynard getroud. Tot aan die begin 1982 was ons in die Kaap werksaam, ek onderwyseres, toe vyf jaar in Bredasdorp en daarna, Maart 1987, het ons die familieboerdery, Klawervlei, tussen Calvinia en Sutherland aangedurf. Ons drie dogters was toe onderskeidelik 1, 2 en 4 jaar oud. Ons boer met stoet merino-wolskape, en dit is werklik ons passie. Ons dogters is van kleins af deur Pa Ben oortuig dat geen ander skaap bestaansreg het nie. Ons lê bo-op ’n plato van die Roggeveldberge en as gevolg van die hoogte bo seespieël, het ons die soortgelyke koue van Sutherland in die winter. Ek moes reeds vroeg met die harde deel van die boerdery kennis maak, want al drie my dogters was vanaf sub A (deesdae graad 1) in die koshuis. Ons woon 80 km van die dorp af, ’n feit wat eintlik ’n mens se hele lewe bestuur. Deesdae kla ons maar baie oor die paaie, veral in die Noord-



Van links na regs: Nicolette (jongste dogter), Tina, Sunette (middelste dogter), Ben, Sarina (oudste dogter)

Kaap is nie geld vir paaie regmaak nie.

“As ek terugkyk oor my lewe, het ek net rede tot dankbaarheid en beskou ek my lewe as vol en ryk. Twee dogters is getroud, die twee skoonseuns is albei in die landbou, by Loeriesfontein en in die Ceres-Karoo.

“Ek dink met groot opgewondenheid terug aan ons Atlete-trippie, voorwaar ’n groot voorreg en een van die groot hoogtepunte in my lewe.

“Ons woon hier in ’n klein gemeenskappie, almal boere, en meesal is ons baie afhanklik van mekaar. Ons is deel van twee kerkwyke wat baie onafhanklik opereer – hou selfs ons eie basaar. Ons het ook elke jaar ’n onafhanklike pinkster-reeks en gereelde buite-kerkdienste. Kom loer gerus in op Middelpas, ons bymekaarkomplek!



Dr **Stephan van der Watt** (A96,97), sendeling-predikant van die Reformed Church in Japan se fokus op taalstudie die afgelope agtien maande het vrugte afgewerp toe hy die N3-vlak Japannese taaleksamen geslaag het



“Dit was ’n baie moeilike eksamen, wat ek in die eerste plek vir die ervaring geskryf het, omdat dit een trappie bokant my huisdige kennisvlak van N4 was,” vertel Stephan.

Stephan en Carina en hulle twee kinders, Annlie en Cornelius, is deur die NG Gemeente Aliwal-Noord gestuur vir bediening in Japan en hulle word deur Missie Japan ondersteun.

Missie Japan is ’n gesamentlike getuienisaksie van die NG Kerkfamilie, in noue vennootskap met die Reformed Church in Japan. Dit is ’n vrywillige geloofs-aksie wat ondersteun word deur individue, groepe en gemeentes wêreldwyd. Stephan fokus in sy werk op die Sjikoku-eiland van Japan.

Stephan en sy gesin besoek Suid-Afrika van 14 Junie tot 19 Augustus vanjaar en gaan veral deputasiewerk doen en persoonlike kontak met ondersteuners maak.